I. Glen (translator & editor), Francois le Vaillant, "Travels into the Interior of Africa via the Cape of Good Hope I", *Van Riebeeck Society*, 2, 38
Van Riebeeck Society, Cape Town, 2007
194 pp
ISBN 0-9585134-2-2
R175.00

Navorsers is afhanklik van reisbeskrywings om 'n kykie te kan kry in toestande op die voorposte van die Suid-Afrikaanse samelewing van die sestiende tot die negentiende eeu. Daarom is die diens wat die Van Riebeeck-Vereniging (VRV) in Kaapstad reeds in die 89 jaar van sy bestaan gelewer het, van onskatbare waarde. Talle Africana publikasies is in hierdie tyd deur die vereniging se toedoen (her)vertaal of verwerk, geannoteer, van inleidings voorsien en gepubliseer. Dit sluit die klassieke werke van, om maar net die agttiende eeu in aanmerking te neem, onder andere Thunberg, Valentyn, Sparrmann, Paravicini di Capelli en Lichtenstein in. Nou publiseer die VRV vir die eerste keer in tweehonderd jaar 'n nuwe Engelse vertaling van die Fransman Francois le Vaillant se beskrywing van reise wat hy tussen 1781 en 1782 van Kaapstad tot aan die Visrivier onderneem het. Dit is weliswaar onvolledig, want die tweede deel ontbreek nog, maar gesien die reuse arbeid wat die vertaling en annotering van hierdie werke behels, en dat die redakteurs geen tantiéme vir hulle werk ontvang nie, is dit begryplik dat so 'n werk in fases gepubliseer word.

Toe Le Vaillant se Franse weergawe in 1790 verskyn het, was dit 'n bemarkingsukses. Dit is onmiddellik in sewe tale vertaal. Die oorspronklike Franse teks is nou deur Ian Glen in 'n splinternuwe, soepeler en verbeterde weergawe uitgegee. Glen is direkteur van die Sentrum vir Rolprent- en Mediastudies aan die Universiteit van Kaapstad, en mede-uitgewer van *Francois Levaillant and the birds of Africa* (2004). Hy is met die voorbereiding van hierdie publikasie deur Ian Farlam, 'n regter in die appèlhof, en Catherine du Plessis, *Officer des Palmes Académiques* in Parys bygestaan.

Die sukses van Le Vaillant se boek kan waarskynlik aan twee redes toegeskryf word. Die oorspronklike jaar van publikasie was midde-in die Franse Rewolusie en die boek dra dan ook 'n sterk stempel van rewolusionêre standpunte oor die edelheid van die primitiewe mense teenoor die bedorwenheid van die "beskaafde Europeane". Dit is as sodanig die eerste indringende rewolusionêre kritiek op Europese

kolonialisme. Belangriker is egter die groot belangstelling wat daar in wetenskaplike kringe in Europa geheers het in enige natuurkundige beskrywings en waarnemings uit eksotiese lande van die wêreld. Terwyl die boek dus heelwat aandag getrek het, was dit ook die begin van 'n debat wat nou al tweehonderd jaar lank oor die betroubaarheid en geloofwaardigheid van Le Vaillant se werk woed. Sommige het sy beskrywings en bewerings met meer as 'n knippie sout geneem. Veral die gereelde korreksies wat hy in sy teks meen daar te stel oor wat ander geskryf en beweer het, het argwaan by baie gewek. Sy emosioneel-ideologiese veroordeling van die Vereenigde Oost-Indische Compagnie, die Kaapse koloniste in die besonder, en Europese kolonisasie in die algemeen, het op soveel veralgemenings en teoretiese aannames berus, dat historici deurgaans sy uitsprake met versigtigheid hanteer. Dit is egter 'n erkende feit dat sy uitsprake oor die koloniste die weg gebaan het vir 'n hele skool, beginnende met John Barrow en opgevolg deur die sendeling-filantrope, met doktor John Philip aan die spits. Met die huidige herevaluering van belangrike aspekte van Europese kolonialisme, sal dit interessant wees om te sien wat navorsers met Le Vaillant se uitsprake maak.

Le Vaillant se belangrike bydrae lê egter nie soseer op die gebied van menslike verhoudinge nie, maar eerder op die terrein van sy wetenskaplike werk, in besonder sy ornitologiese bydraes, en sy tekeninge van mense en diere wat in afsonderlike publikasies verskyn het. Die huidige publikasie sluit net enkele litografieë uit hierdie versamelings in.

Hierdie nuwe vertaling uit die oorspronklike Frans bring duidelikheid oor talle sake en put uit die magdom navorsing wat sedertdien oor Le Vaillant en Suid-Afrika gedoen is. Die besonder noukeurige annotasies ontsluit 'n magdom inligting vir die hedendaagse leser, veral wat die uitkenning van voël- en diersoorte, mense en plekke betref. Dit lewer ook 'n belangrike bydrae om groter duidelikheid oor die geloofwaardigheid van Le Vaillant te bring. Na die verskyning van sy boek in 1790, het kritici heelwat vrae oor die juistheid van sy waarnemings en beskrywings gevra. Nou word inderdaad op talle verdraaide voorstellings in die werk gewys, byvoorbeeld die uiteensetting asof Le Vaillant persoonlik ervaring van die skipbreukelinge van die *Grosvenor* aan die Transkeise kus in 1782 gehad het (p 137), en sy valse voorstelling dat hy kontak met die Xhosa-opperhoof Phalo sou gehad het, terwyl Phalo reeds sewe jaar tevore oorlede is (p 145).

Le Vaillant het dié reis onderneem in die tyd van die Eerste Oosgrensoorlog. Die oorlog het onrus en verwoesting tussen Bruintjieshoogte en die Visrivier tot gevolg gehad. Hoewel hy die ellende van die koloniste beskryf het, het hy geen simpatie met hulle gehad nie. Die Xhosas was volgens hom willose slagoffers van die koloniste se wreedheid en uitbreiding. Die Khoi se ervaring as slagoffers van Xhosa-aanvalle skemer plek-plek deur, maar hulle is ook as slagoffers van die yl verspreide koloniste voorgestel en nie as voorwerpe van Xhosa-aggressie nie. Dit is jammer dat in die annotasies nie ook na die klassieke studie van P.J. van der Merwe oor hierdie oorlog verwys word nie. Dit sou kon help om 'n breër perspektief op die saak te bring. Dieselfde geld die verklarings wat vir die agteruitgang van die Khoisamelewings aangebied word. Indien Richard Elphick se seminale studie oor die sirkelgang van die Khoisamelewing in die annotasies bygewerk was, kon dit help om ook ten opsigte hiervan 'n meer gebalanseerde historiese insig te bring.

Vir die gewone leser is die rykdom van die boek geleë in sy beskrywing van die natuurlewe, die omgewing en menslike gebruike. Dit is veral die wyse waarop 'n vreemdeling uit Parys hom in die vreemde omstandighede van 'n pioniersreis deur Afrika bevind, wat 'n voorspel bied tot die alledaagse lewe wat vyftig jaar later duisende se ervaring tydens die Groot Trek sou wees. Le Vaillant het die eerste literêre beskrywing van die maak van biltong (p 89) en seekoeisambokke (p 160) gegee. Die inwoners van die Langkloof sal sy bykans "Hugenootlike" verwysing na hulle streek as *l'Ange Kloof* (p 114) waardeer. Hoe sou hulle dit nie vandag vir toerisme doeleindes kon uitbuit nie! Sy "ontdekking" van die visarend, van stinkhout in die Knysnabos, van die pragtige Knysnaloeries (p 97), asook die erkenning aan hom as eerste persoon wat sekere voëlsoorte geïdentifiseer het (p 152), verteenwoordig kleinode in die boek. Hy beskryf sy unieke metode om voëls te skiet sodat hulle die minimum letsels opdoen en so mooi opgestop kan word (p 81). Wanneer dit by eet kom, ontdek hierdie Franse fynproewer nuwe *cuisine* olifantpoot en -slurp (p 106) en seekoeipoot (p 159) wat heelnag onder as en kole gebraai het. Hy ontdek ook hoe olifantvet deur Khoivroue as toiletware gebruik word en verheug hom toe hy uitvind dat hy dieselfde vet kan gebruik om sy waens se wiele te ghries (p 106).

"Travels into the Interior of Africa via the Cape of Good Hope" kan bestel word van die VRV, Posbus 15151, Vlaeberg, 8018.

Pieter Kapp
Besoekende Navorsingsgenoot, Departement Geskiedenis
Universiteit van die Vrystaat